

“Musiek kan my teken”: Klanke, voëlgeluide en musiek in die digkuns van Lina Spies

Die verskyning van Lina Spies se agtste digbundel, *Duskant die einders* (2004), was die aansporing vir ’n herondersoek van haar oeuvre. Die bundel is voorafgegaan deur *Digby vergenoeg* (1971, bekroon met die Ingrid Jonker- en Eugène Marais-prys), *Winterhawe* (1973), *Dagreis* (1976), *Oorstaanson* (1982), *Van sjofar tot sjalom* (1987), *Hiermaals* (1992) en *Die skaduwee van die son* (1998). Verwysings na ouditiewe aspekte in Spies se digwerk is nie voorheen in besonderhede uitgewys nie. So ’n ondersoek verskaf ’n verdere perspektief op haar poësie, in aansluiting by die gebruikelike beskouing dat haar digkuns konsentreer op temas van eensaamheid, die hunkering na ’n kind, geestelike pyn, godsdiens, die woord, die natuur, katte, vriende, familie en beroemde persone. ’n Ontleding van die gedigte in haar agt digbundels toon duidelik dat die ouditiewe ’n groot rol in die lewe en poësie van Lina Spies speel. Daar is talle voorbeelde van verwysings na klanke, voëlgeluide, musiek, komponiste en spesifieke komposisies. Baie van die klanke waarna sy verwys, het te doen met haar jeugtyd en haar studietydperk in Amsterdam. Onder die voëlgeluide is dit veral die gekoer van duiwe wat opvallend baie in haar digkuns voorkom. Spies se agtergrond as Afrikanerkind was bepalend vir haar konsep van musiek. Sy het (onsuksesvol) klavierles geneem en is blootgestel aan die Saterdagavondversoekprogram “U eie keuse” waaruit sommige verwysings in haar digkuns volg. Die musiekstukke wat hulle weg na die gedigte vind, is tekenend van die digteres se persoonlikheid, en is dikwels van die meer toeganklike melodiegeoriënteerde kategorie, soos werke van Mozart en Schubert, haar gunsteling-komponiste. Dit is veral die kunslied wat vir haar besondere waarde het, omdat dit ’n verbinding tussen haar twee grootste passies, letterkunde en musiek, bewerkstellig. Sy het self baie kunsliedere tydens haar sanglesse gesing en verwys in haar gedigte na kunsliedere van Beethoven, Schubert, Schumann, Grieg en Brahms. Spies se kennis van musiek kom soms tot uiting in treffende gebruik van musiekterme.

Tydskrif vir Letterkunde Vol. 43 (1) 2006: 122-140.